

KOERSVAS

Jaargang 5 Uitgawe 102 13 Januarie 2017

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings

REDAKSIONEEL

Vrees verlam

Op Vrydag die 13e is daar baie mense wat weens *Paraskevidekatriaphobia* of ook bekend as *Friggatriskaidekaphobia*¹ met groot versigtigheid dinge gaan doen. Hierdie irrasionele vrees is op 'n irrasionele bygeloof gebou.

Die mag van vrees en die mens se onwilligheid om te erken dat hy vrees ervaar, word uitgebuit op verskillende maniere.

Daar is diegene wat antwoorde bied op grond van sterre, teeblare in 'n koppie of die beelde in 'n kristalbal. Hierdie toekomsprofete teer eeue reeds op mense se vrees en irrasionaliteit oor die toekoms.

Sosiale ingenieurs gebruik die konsep van vrees om mense te manipuleer. So vind ons dat terme soos homofobie en Islamofobie gebruik word om mense te verhoed om standpunt in te neem teen homoseksualiteit en Islam. Neem ons die betekenis van die woord in ag, word die manipulasiepoging duidelik. "Fobie" beskryf 'n irrasionele vrees.

¹ *Triskaidekaphobia* kom van die Grieks 'tris' wat beteken drie, 'kai' wat beteken 'en', 'deka' wat beteken tien en 'phobos' beteken vrees. Hierdie vrees is ook 'n rede vir die vrees vir Vrydag 13. *Paraskevidekatriaphobia* wat kom van 'Παρασκευή Paraskevi' Grieks vir Vrydag of *Friggatriskaidekaphobia* na aanleiding van 'Frigg' die Noorse godin na wie Vrydag in Engels vernoem is.



Om standpunt in te neem ten gunste van die tradisionele huwelik is nie homofobies nie. Daar is geen sprake van een of ander irrasionele vrees vir 'gays' nie. Dit is getrouheid aan die Woord van God wat maak dat ons die huwelik koester, beskerm en bevorder ten spyte van die moderne era se aanslae.

Net so kan getrouheid aan Jesus as die enigste Saligmaker nie aanduiding wees van 'n irrasionele vrees vir Moslems nie. Jesus stel self dat daar net een weg na die Vader is. In daardie opsig is kritiek op Islam Bybels gegrond. Daar is natuurlik 'n goeie rede om Moslems se optredes dop te hou en selfs bedag te wees op aanvalle. Islam is 'n ideologie wat bykans alles (behalwe vrede) voorstaan. Daar is genoeg selfmoordaanvalle om dit duidelik te maak.

Indien ons eerlik is, sal ons erken dat daar baie mense is wat die jaar 2017 vreesbevange aandurf. Daar is genoegsame redes: Die stadige groei van die ekonomie beteken dat lidmate se inkomste proporsioneel tot uitgawes kleiner word. Die dreigemente van versnelde landvergrype deur die regering bedreig ons boere en ons voedselsekerheid. Regstellende aksie se blatante rassisme benadeel alle blankes en beteken dat daar al hoe minder blankes is

wat kan werk kry. So sou ons kon aanhou om sake op te noem wat ons bang maak.

Soos reeds aangedui, is daar rasionele vrees en irrasionele vrees. Vir laasgenoemde is 'n paar sessies by 'n sielkundige of berader nodig vir wenslike gevolge.

Wat om te maak met die dinge wat ons met rede kan vrees?

Die antwoord is logies: Niks. Ons kan nie die ekonomie of die politiek beheer nie. Ons kan nie eens ons eie lewens vooruit bepaal nie. Ons kan net beplan en hoop vir die beste. Ons het net die oomblik waarin ons lewe. Beplan vir die slegste, hoop vir die beste.

Bo alles moet ons onthou wie ons eintlik is. Ons is kinders van die Here. Niks kan ons van die liefde van God skei nie.

Romeine 8: 38 – 39 Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.

Natuurlik gaan daar rampe en terugslae wees. In God se hande sal ons egter behoue bly, selfs al verloor ons alles aards. Dit maak dat ons vreesloos, vertrouend op God, 2017 kan aandurf.

BERIGTE EN KENNISGEWINGS


REFORMASIE

Oktober hierdie jaar vier ons die 500ste bestaansjaar van die Protestantisme. Daar sal baie vieringe rondom die gebeurtenis wees en Koersvas nooi gemeenskappe uit om hulle viering se gegewens deur te stuur. Bondslidmate word nou reeds aangemoedig om deel te neem aan die verskillende geleenthede.

GEMEENTENUUS

As Bondsgemeentes wil ons graag die onderlinge band wat ons met mekaar het koester en versterk. U word versoek om gemeentenuus, projekte, beroepe, lief en leed, verandering van kontakbesonderhede ensovoorts aan dr. Johan Otto by e-pos jotto1@absamail.co.za of drotto1.jo@gmail.com te stuur sodat dit in ons publikasies bekend gemaak kan word.

LEWENSBROD



Lewensbrood 2017 is reeds aan alle gemeentes versend. Maak seker u het u Lewensbrood by u gemeente afgehaal. Kontak Yvette Otto by zyvetto@gmail.com vir enige terugvoer.

APOSTOLICUM KOMMENTAAR

Die kommentaar oor die Geloofsbelydenis van Nicea en die Apostoliese geloofsbelydenis wat in die afgelope jaar in Die Skietlood verskyn het, gaan in boekvorm verwerk word. Die boek sal vroeg in 2017 beskikbaar gestel word. Indien u belangstel, moet u vir dr Otto in kennis stel by jotto1@absamail.co.za.

PIETERSBURG STANDPLAAS

Die volgende berig is vanaf Pietersburg ontvang: Na ds Frans ons verlaat het, het ds Thys Fourie op kontrak by ons gemeente gedien tot 31 Desember 2016.

Gedurende die Kerkraadvergadering in Oktober 2017 was hy eenparig verkies as

voltydse predikant van die gemeente vanaf 1 Januarie 2017. Ons en die gemeenskap is al klaar baie lief vir hulle.

MAKWASBYEENKOMS 2017

Makwasbyeenkoms vir emeriti en enige ander belangstellende GHG-predikante te Premiemyn Dv 9 Junie 2017. Maak die datum nou al vas.

HOSPITAALBESOEK 2017

Hospitaalbesoek: Klerksdorp
Ouderling Pieter Greyling het aangebied om GHG Lidmate wat in die Klerksdorp hospitale opgeneem word, te besoek. Baie dankie vir die mooi gebaar.

Kontak : P Greyling 083 430 1910
Mev A Greyling 083 557 0414

OORNAG FASILITEITE

Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of e-pos haar by auri@mweb.co.za.

GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.

<http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook preke op **whatsapp** beskikbaar. Kontak Yvette Otto by 072 223 7522 vir meer besonderhede.

GELOOFSBONDKWILT

Die GHG dames se fondsinsameling is ten bate van ons teologiese studente. Loojies is beskikbaar by u eie gemeente. (sien foto)

DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorieboeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com



GELOOFSBONDKWILT 2

Loojies R20 by eie gemeente